



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V2

JUNIE 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders vermeld in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien die kandidaat nie punte elders in die vraag vir daardie item verloor nie (geen strafpunte vir misplaaste item nie). Geen dubbelpensliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) word slegs toegepas indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringssyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: as syfers aangedui in nasienriglyn vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt vir finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedu word, kan deelpunte toe om die kwaliteite van antwoorde te differensieer.
7. Hierdie nasienriglyn is nie vir publieke verspreiding nie, aangesien sekere items verkeerde behandeling kan impliseer. Die aanpassings wat gemaak is, is as gevolg van nuanses in sekere vrae.
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek en ten minste een deel moet korrek wees voordat die punt toegeken word.
10. Bewerking beteken 'kontroleer bewerking' " Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees of per nasienriglyn .
11. In bewerkings, moenie punte toeken vir die bewerking as teller en noemer omgeruil is – dit geld ook vir verhoudings.
12. By die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat ten minste gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n .
13. Wees bewus van kandidate wat geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf.
14. Kodes: f = buitelandse item; p = plasing/aanbieding

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1

1.1

1.1.1	Waar ✓
1.1.2	Waar ✓
1.1.3	Vals ✓
1.1.4	Vals ✓
1.1.5	Vals ✓

5

1.2 **BANKVERSOENING**

1.2.1

KONTANTONTVANGSTE JOERNAAL			KONTANTBETALINGS JOERNAAL	
	Bedrag			Bedrag
Totaal	615 900		Totaal	579 525
	435 ✓			67 500 ✓
	9 375 ✓			2 700 ✓✓
				4 275 ✓
				5 500 ✓
				3 565 ✓
	625 710	<input checked="" type="checkbox"/> beide totale moet voorlopige totale insluit		663 065

9

1.2.2

Bereken die korrekte banksaldo op 31 Julie 2023.			
BEWERKINGS		ANTWOORD	
150 225 ✓✓ + 625 710 ✓ – 663 065 ✓		112 870 ✓	
OF		een deel korrek	
150 255	663 065		
625 710	c/d 101 435		

5

1.2.3 BANKVERSOENINGSTAAT

	Debiet	Krediet
Kt Saldo per Bankstaat		98 450 <input checked="" type="checkbox"/> balanserende syfer kan dt wees
Kt Uitstaande deposito		41 000 <input checked="" type="checkbox"/>
Dt Uitstaande EFO No. 228	16 800 <input checked="" type="checkbox"/>	
No. 230	4 255 <input checked="" type="checkbox"/>	
Regstelling van fout		5 550 <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/>
Dr deposito verkeerdelik Kr	7 510 <input checked="" type="checkbox"/>	
Dr OTM-onttrekking vir lone	3 565 <input checked="" type="checkbox"/>	
Dr Saldo per Bankrekening	112 870 <input checked="" type="checkbox"/> kan kt wees. sien 1.2.2	
<input checked="" type="checkbox"/> beide totale moet dieselfde wees	145 000	145 000

10

1.2.4

Verduidelik waarom die reël van omsigtigheid gebruik sal word in die verantwoording van bedrieglike aktiwiteite in die boeke en finansiële state. Gee EEN punt.

Enige geldige antwoord deelpunt vir onduidelike/onvolledige antwoord

- Die besigheid kan nie waarborg dat die bedrag verhaal sal word nie en moet hierdie transaksie in 'n pessimistiese lig beskou en die konserwatiewe benadering volg.
- Die reël van omsigtigheid dikteer 'n konserwatiewe benadering in die rapportering van finansiële inligting.

2

Verduidelik hoe hierdie tipe bedrieglike aktiwiteit in die toekoms vermy kan word. Gee TWEE punte.

Enige geldige antwoord deelpunt vir onduidelike/onvolledige antwoord

- Verdeling van pligte waar een persoon nie veelvuldige take sal verrig nie.
- Alle transaksies moet gemagtig word.
- Stel 'n bank kennisgewingsdiens vir alle transaksies op.
Antwoorde vir 1 punt
- Toesighouding.
- Verdeling van pligte .

4

TOTALE PUNTE
35

QUESTION 2**2.1**

2.1.1	D ✓
2.1.2	E ✓
2.1.3	A ✓
2.1.4	B ✓

4

2.2 LENA H VERVAARDIGERS**2.2.1. FABRIEKSBOKOSTE**

Totaal voor regstellings	2 031 500
Indirekte materiaal	(8 000) ✓
Versekering $(204\ 000 \times \frac{2}{3})$ [238 000 – 34 000] [238 000 $\times \frac{12}{14}$]	136 000 ✓✓
Water en elektrisiteit $(122\ 500 \times \frac{630}{350})$ $(420\ 000 \times \frac{630}{1\ 200})$	220 500 ✓
Huuruitgawe $(945\ 000 \times \frac{6}{9} = 630\ 000 - 210\ 000)$ $(210\ 000 \times \frac{4}{2})$	420 000 ✓
Bewerking, moet 2 031 500 insluit	2 800 000 ✓

10

2.2.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT OP 29 FEBRUARIE 2024

Direkte materiaalkoste	primêre koste - DAK	7 256 000 ✓
Direkte arbeidskoste $(45 \times 55 \times 1\ 840)$	4 554 000 ✓✓	5 544 000 ✓
Oortyd $(88 \times 250 \times 45)$	990 000 ✓✓ + 4 554 000	een deel korrek
PRIMÊRE KOSTE		12 800 000
Fabrieksbokoste		2 800 000 ✓
TOTALE VERVAARDIGINGSKOSTE		15 600 000 ✓
Goedere in bewerking aan die begin van die jaar		525 000
		16 125 000
Goedere in bewerking aan die einde van die jaar		(600 000) ✓
KOSTE VAN PRODUKSIE VAN KLAARPRODUKTE $(34\ 500 \times 450)$		15 525 000 ✓✓

11

2.3 TLOTLO VERVAARDIGERS**2.3.1 Beheer oor grondstowwe:**

TLOTLO is bekommerd oor die vermorsing van materiaal tydens produksie. Bereken die aantal meters materiaal wat vermors is.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$14\ 160 / 1,6 = 8\ 850 \checkmark\checkmark - 8\ 750$ $= 100 \times 1,6 \checkmark$ OF $14\ 160 - 14\ 000$ een punt twee punte	160 m <input checked="" type="checkbox"/> een deel korrek
	4

Bereken die totale koste van die materiaal wat vermors is	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$160\ m \times 250$ Sien 2.2.1	R40 000 <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> een deel korrek
	2

Verskaf TWEE moontlike redes vir hierdie vermorsing.
Twee geldige punte <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde
<ul style="list-style-type: none"> • Swak toesig in die fabriek / in produksieproses • Onopgeleide werknemers – maak baie foute • Agterloosigheid – a.g.v. geen gevolge vir swak vakmanskap nie • Swak kwaliteit materiaal gebruik
4

2.4 SUZAN SE SPEELGOED FABRIEK

2.4.1 Verskaf 'n berekening om te bevestig dat die gelykbreekpunt vir die 2024 finansiële jaar korrek is.

$245\,700 \checkmark = 3\,900 \text{ units}$

$255 \checkmark - 192 \checkmark$

63 two marks

Teller en noemer moet as sodanig gemerk word

3

2.4.2 Verduidelik hoekom Suzan tevrede is met die produksievlak, verkope en gelykbreekpunt. Haal syfers aan.

Geldige vergelyking $\checkmark\checkmark$ Syfers $\checkmark\checkmark\checkmark$ **deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde**

Moet Produksie (en verkope) en GBP vir vier punte noem

- Geproduseer en verkoop 1 014 eenhede bo die GBP (4 914 – 3 900) / maak 'n wins op 1 014 eenhede.
- Wins gemaak (sluit produksie en verkope in) op 1 344 eenhede (4 914 – 3 900) in 2024 vergeleke met 250 eenhede (4 000 – 3 750) in 2023 / wins op 'n bykomende 764 eenhede (305,6%)
- Wins (sluit produksie en verkope in) was R63 882 (1 014 x R63) in 2024 en R16 000 (250 x R64) in 2023; 'n verhoging van R47 882.
- Verkope/produksie het met 914 eenhede (4 914 – 4 000) / met 22,85% toegeneem, terwyl GBP met slegs 150 (3 900 – 3 750) / 4% toegeneem het. Goeie beheer oor koste.
- **Twee punt-opsies: Slegs EEN van: (maksimum 2 punte)**
Inkomste uit verkope het toegeneem van R960 000 tot R1 249 500 (R289 500 / 30,2%)
- Vergelyking van slegs vervaardigde eenhede (4 914 – 4 000) / teen 914
- Vergelyking van slegs GBP (3 900 – 3 750) / by 150

4

2.4.3 Suzan is bekommerd oor die verhoging van R5 700 in totale vaste koste. Verskaf EEN rede waarom sy nie bekommerd moet wees nie. Haal syfers aan.

EEN punt wat skaalvoordele noem of verduidelik $\checkmark\checkmark\checkmark$ **Drie punte of niks**

- Drie punte of niks Skaalvoordele: Soos meer eenhede geproduseer word, sal vaste koste per eenheid afneem.
- Verhoogde produksie (met 914 eenhede) het gelei tot 'n afname in vaste koste per eenheid, as gevolg van vaste koste wat redelik konstant gebly het of nie deur produksievlakke beïnvloed is nie.
- Die gemiddelde vaste koste per eenheid sal afneem namate geproduseerde eenhede toeneem / totale vaste koste (konstant) word gedeel deur 'n groot aantal eenhede.

3

TOTALE PUNTE
45

VRAAG 3

3.1 VOORRAAD KONSEPTE

3.1.1	Periodiek ✓
3.1.2	Spesifieke identifikasie ✓
3.1.3	Bate ✓
3.1.4	Geweegde gemiddelde ✓

4

3.2 LUELLA DAMES HANDSAKKE

3.2.1

Bereken die waarde van die eindvoorraad op 31 Desember 2023.

$$\begin{array}{r}
 200 - 20 \\
 180 \times R1\,275 \times 1.1 = R\,252\,450 \checkmark \checkmark \text{ OF } 229\,500 + 22\,950 = 252\,450 \\
 40 \times R1\,250 \times 1.1 = \underline{\quad 55\,000 \checkmark \checkmark \text{ OF } 50\,000 + 5\,500 = 55\,000} \\
 \quad \quad \quad 307\,450 \checkmark \quad \quad \quad \quad \quad \quad 307\,450 \\
 \quad \quad \quad \text{een deel korrek}
 \end{array}$$

5

Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 31 Desember 2023.

$$\begin{array}{r}
 237\,600 \checkmark + 1\,127\,500 \checkmark - 25\,500 \checkmark \checkmark - 307\,450 \checkmark \text{ (sien 3.2.1)} = 1\,032\,150 \\
 1\,295\,000 \checkmark - 1\,032\,150 \checkmark = 262\,850 \checkmark \text{ een deel korrek}
 \end{array}$$

8

Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die eindvoorraad van Luella-dameshandsakke te verkoop. sien 3.2.1

$$\frac{307\,450 \checkmark}{1\,032\,150 \checkmark} \times 356 = 29,8 \text{ days } \checkmark \text{ een deel korrek.}$$

3

3.2.2

Bereken die aantal handsakke wat vermis word.

$$180 \checkmark + 820 \checkmark - 20 \checkmark - 220 \checkmark - 740 \checkmark = 20 \checkmark \text{ missing een deel korrek}$$

6

Verduidelik aan Reatlegile hoekom sy die verlies eers aan die einde van die jaar ontdek het.

- • Periodieke voorraadstelsel is in gebruik waar fisiese voorraad op spesifieke tydperke getel word. ✓✓

2

Stel EEN bykomende maatreeël voor wat sy kan implementeer om die probleem van vermiste items aan te spreek. Enige een

relevante kommentaar ✓✓

- Doen gereelde voorraadopname en vergelyk met voorraadrekords.
- Verander na deurlopende voorraadstelsel.

2

3.2.3

Verduidelik TWEE punte aan die eienaar oor die voordele van die gebruik van die Spesifieke Identifikasie metode. Enige twee relevante

punt ✓✓ ✓✓

- Eenvoudigste metode van voorraadwaardasie.
- Realistiese waardasie
- Aan elke item word 'n spesifieke koste toegeken.
- Die stelsel is die beste geskik vir besighede wat klein hoeveelhede groot en duur items verkoop

4

Bereken die waarde van eindvoorraad op 31 Desember 2023 deur die Spesifieke Identifikasie-metode te gebruik.

Januarie	60 x 1 200 x 1.1	79 200 ✓
Februarie	45 x 1 230 x 1.1	60 885 ✓
Junie	85 x 1 250 x 1.1	116 875 ✓
September	10 x 1 275 x 1.1	14 025 ✓
Waarde van voorraad	Bewerking, een deel korrek	270 985 ✓

5

3.3.1

	PROBLEEM Probleem ✓ Syfers ✓	ADVIES ✓✓
OMOLEMO TAK	Slegs R120 000 gedeponeer in plaas van R127 600 – R7 600 Kontant word vermis. 60% van totale verkope is op krediet.	Verdeling van pligte Gereelde kontrole oor verkope en deposito. Verhoog kontantverkope/ verminder die kredietverkope.
NGIXI TAK	8 eenhede is teruggestuur. Het slegs 75% van die normale tyd gewerk/ 96% oortyd gewerk.	Stel verkoopsdoelwitte. Bereken kommissie op netto verkope. Minimaliseer /beperk oortydure.

6

TOTALE PUNTE
45

VRAAG 4

VASTE BATES

4.1.1

Verduidelik aan die boekhouer hoekom sy metode verkeerd is:
 Deelpunte vir onvolledige of onduidelike antwoord Verduideliking ✓✓

Verduideliking en berekening kan in dieselfde antwoord verskaf word.

Hy het nie beseft dat die bate byna ten volle gedepresieer het nie/
 Die R100 000 kan nie korrek wees nie aangesien dit 'n negatiewe
 drawaarde sou gee / 'n Ten volle gedepresieerde bate moet 'n R1
 boekwaarde vir openbaarmakingsdoeleindes behou.

Gee 'n berekening om jou verduideliking te ondersteun:

$$\begin{matrix} (500\ 000 - 450\ 000) & DW & = & 50\ 000 - 1 \\ 50\ 000 & & = & 49\ 999 \end{matrix} \quad \checkmark\checkmark$$

4

Bereken die drawaarde van die Bakkies aan die einde van 30 Junie 2023. (Toon alle berekeninge)	
BEWERKINGS	ANTWOORD
Waardevermindering Nuwe 70 000 $437\ 500 \times 9/12 \checkmark = 328\ 125 \times 0.20 \checkmark$ $\qquad\qquad\qquad = 65\ 625 \checkmark$	R280 001 <input checked="" type="checkbox"/> Een deel korrek
Waardevermindering: $(49\ 999 \checkmark + 70\ 000 \checkmark + 65\ 625 \checkmark) = 185\ 624 \checkmark$	
Opgehoopte waardevermindering aan die einde $(450\ 000 + 185\ 624) = 635\ 624 \checkmark \checkmark$ $(635\ 624 - 65\ 625) = 569\ 999$	
Or $(450\ 000 + 87\ 500) = 537\ 500 + 185\ 624 - 153\ 125$	
Dra waarde aan die einde $(500\ 000 + 350\ 000) = 850\ 000 \checkmark - 569\ 999 \checkmark$	

12

4.1.2

Identifiseer en verduidelik EEN groot probleem met elke bakkie en sy bestuurder. Haal syfers in elke geval aan en verskaf 'n oplossing.		
	PROBLEEM ✓ ✓ ✓ SYFERS ✓ ✓ ✓ Merk probleem en syfers onafhanklik	OPLOSSING ✓ ✓ ✓
Bakkie 1 (Lebo)	<ul style="list-style-type: none"> • Neo het slegs 280 afleweringe gemaak. • Neo was te veel afwesig – 50 dae se werk. • Neo word dieselfde salaris betaal ten spyte van die feit dat hy slegs 7,6% van afleweringe maak. • Voertuig word onderbenut omdat dit die laagste bedryfskoste het (R1,30), maar slegs 7,6% van die totale afleweringe maak. • Swak interne beheer wat toelaat dat die voertuig teen 'n verlies bestuur word. (Inkomste: R70 000 Koste: R88 000) 	Betaal bestuurders per aflewering – dit sal hulle aanmoedig om harder te werk. Gee hierdie voertuig aan die beste/betroubaarste bestuurder .
Bakkie 2 (Nomsa)	<ul style="list-style-type: none"> • Thabo het te hard met hierdie voertuig gewerk – hy het (2 100/260 dae = 8 afleweringe per dag). • Hierdie voertuig is oud en het die hoogste bedryfskoste (R2,05) maar dit doen 2 100/3 680 = 57% van alle afleweringe. 	Beperk die gebruik van hierdie voertuig as dit nie vervang kan word nie Gee hierdie voertuig aan die swakste / mees ledigste bestuurder.
Bakkie 3 (Dan)	<ul style="list-style-type: none"> • Cleo is oneerlik en hy het R50 000 van die gelde gesteel (R325 000 – R275 000). 	<ul style="list-style-type: none"> • Voer 'n volledige oudit uit van gelde wat ingevorder is. Foie moet vooruit elektronies betaal word. Geen kontant moet deur bestuurders hanteer word nie. Stel dissiplinêre stappe teen Cleo in.

9

TOTALE PUNTE
25